**27 Januarie**

## ’n Christen geniet die lewe

**Skrifgedeelte: Prediker 11:7 – 12:1**
**Fokusgedeelte: Prediker 11:9**

- ’n Christen kan die lewe geniet!
- ’n Christen kan elke dag met vreugde en blydskap aanpak, want dit kom van die Here af.
- ’n Christen kan verder kyk as die swaarkry en donkerheid van die lewe, want in alles is jy in die hand van die Here.

Jou hele lewe is ’n gawe van God!

- Moet daarom nie oud wees voor jou tyd nie.
- Moenie dink dis die grootste Christelike deug om met ’n lang gesig rond te loop nie.
- Moet jou nie terugtrek uit die lewe nie.
  God het jou in sy mooi wêreld geplaas ... en jy kan dit geniet.
  **Maar** ...
  ... en hierdie “maar” moet daar altyd in jou lewe wees:
  ... maar onthou dat jy oor alles aan God rekenskap moet gee;
  ... onthou dat jy alles as *gehoorsame kind van God moet geniet.*

Eers dan kan jy die lewe werklik geniet, want jy weet jou Here gee jou die lewe met alles daarin. Juis met Hom wil jy mos weglewe van die slegte en die lelike, weg van die sonde, om juis die lewe te geniet binne die bane van sy Woord. Die lewe is dan nie ’n sleur om deur elke dag te kom nie, dit is ’n hartsvreugde wat strek tot in ewigheid.

Hoe kan jy die lewe, selfs deur donkerhede heen, geniet? Alleen as God vir jou die lewende God is! Daarom sê die Prediker: “Dink aan jou Skepper ...” In Christus is Hy meer as jou Skepper. Hy is ook jou Vader! Jy is sy kind!

Dit is mos rede vir vreugde en blydskap.

*Sing: Ps 97:7 (1936-beryming)*

*Ds. Roelie Aucamp (Middelburg, Karoo)*